

Maandag 26 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 2:9-12

Fokusgedeelte: Maleagi 2:11b

Dien God met onverdeelde trou!

In Maleagi 1:6 en 2:5 het Maleagi die volk aangekla dat hulle die Here se Naam verag. Hulle is ontrou aan die verbond met God. In 2:9-12 kry ons die een manier waarop hulle die Here verag: hulle *trou met heidense vroue*.

Die probleem is nie soseer dat die vroue van ander nasies kom nie, maar dat hulle ander gode dien. Die Israelitiese mans het goed geweet dat die Here dit verbied (1 Kon. 11:1-8; Esra 9:1-2; Neh. 13:23-24). Desnieteenstaande verdedig die manne hulleself (vs 10). God is mos almal se God, ook van hierdie vroue! Wat se ontrouheid kan daar wees as ons weet dat alle mense een Vader het?

Die gevolg van hierdie ondertrouery is 'n afgewaterde en halfhartige diens aan die Here, dit breek die verbond met God dat Hy alléén sy kinders se God sal wees. Hulle dien die uitheemse gode saam met hulle vroue én hulle gaan in God se heiligdom in (vs 12). Daar is 'n verdeelde trou by God se kinders! Sinkretisme ontstaan. Die gevolg is dat harte eers halfhartig aan die Here behoort en later glad nie meer nie. Geen mens kan twee gode dien nie, sê Jesus in Lukas 16:13. God is jaloers – Hy alleen wil aanbid word (Eks. 20:7).

Dit is belangrik om die lyn na vandag te trek. Iemand het gesê: Dit is nie die water wat buite 'n skip is wat dit laat sink nie, maar die water binne die skip! Kompromieë met die wêreld bring die “water” in die kerk in, en dan is daar verdeelde trou, verbondsbreuk wat plaasvind.

Word dissipels van Jesus (ons) nie ook al te maklik ingetrek deur die kultuur van ons tyd, en ons lyk maar net soos die wêreld nie? Jesus is die “Verbondsengel” (3:1) wat ons harte in beslag neem en volkome toewy aan ons Verbondsgod! Sonder sy genade word ons uitgesny uit die gemeente (Jakob vs 12b).

Sing: Psalm 45-1:1, 9

Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)